# Om jou gesondheid te beskerm

Vroue word al hoe meer bewus van die behoefte aan risikobeskerming, veral wanneer dit by hul gesondheid kom.

Samantha Galliet het drie jaar gelede die voorblaaie gehaal deur ‘n hofsaak teen ‘n mediese fonds-maatskappy te wen, wat toe gelas is om die koste te dra van die kankermedikasie ‘Herceptin’ toe sy op 29 met ‘n aggressiewe vorm van borskanker gediagnoseer is.

In ‘n onderhoud het sy genoem hoe gelukkig dit was dat sy versekeringsdekking teen ernstige siekte uitgeneem het. Toe sy 22 jaar oud was, het die adviseur wat lewensdekking aan haar verkoop het, voorgestel dat sy ernstige siekte-dekking daarby insluit. Aangesien die bykomende koste relatief klein was, het sy ingestem hoewel sy nie geglo het dat sy dit ooit sou nodig kry nie.

Sewe jaar later, toe sy vanweë die chemoterapie-behandeling ses maande lank nie kon werk nie, het haar versekeringsuitbetaling haar in staat gestel om haar verband af te los. Sy het nie nodig gehad om haar oor finansies te bekommer nie en kon daarop konsentreer om gesond te word.

Galliet se geval beklemtoon ook die punt dat mediese fondse nie altyd dekking bied vir die jongste tegnologie, wat miskien nog net oorsee beskikbaar mag wees nie; of die nuutste medikasie wat moontlik nog nie deur die mediese raad goedgekeur is nie. Ernstige siekte-dekking kan hierdie leemte vul.

## Om meer bewus te raak

In die verlede was vroue geneig om onderverseker te wees, maar namate hulle meer begin verdien en sodoende meer begin bydra het tot die huishoudelike finansies, het dit algaande verander. Vroue word al hoe meer bewus van die behoefte aan ernstige siekte-dekking.

## Kanker-eise neem toe

Die bewustheid van borskanker is al op nasionale vlak beklemtoon. Een van die redes waarom ons al hoe meer van kanker kennis neem, is omdat diagnoses veel vroeër gemaak word en in baie gevalle word daar reeds voor die stadium een-fase met behandeling begin – nog voordat die siekte ‘n groot bedreiging vir jou gesondheid word.

Kanker-eise is aan die toeneem, wat die groeiende behoefte aan ernstige siekte-dekking beklemtoon:

- In 2008 het Liberty sowat 748 eise ten bedrae van R199.2 miljoen uitbetaal
    - **‘n gemiddeld van R266 000 per eis**
- In 2009 het Liberty 879 eise ten bedrae van R 235.4 miljoen uitbetaal.
    - **‘n gemiddeld van R268 000 per eis**
- Dit verteenwoordig ‘n toename van 18% in een jaar.
- 41% van die eise was kankerverwant, terwyl 34% met hartsiektes verband gehou het en 6% was vir beroertes.
- 97% van die eisers was 31 jaar en ouer.

## Wanneer jy kan eis

Omdat kanker deesdae heelwat vroeër gediagnoseer word, skep dit ‘n mate van verwarring wanneer dit by eise kom. Baie versekeringsplanne vir ernstige siektes betaal eers uit wanneer stadium een-kanker gediagnoseer is. Hierdie dekking is daarop gemik om mense te help om hul lewenstyl na diagnose aan te pas, soos byvoorbeeld die reël van verplegingsorg, die aanbring van noodsaaklike veranderings aan ‘n motor of huis en die afbetaling van skuld sodat hulle kan fokus op die herstelproses. Sulke koste word nie deur ‘n mediese fonds gedek nie en word gewoonlik nie in die fase voor stadium een benodig nie.

## Vroulike Lewende Leefstyl-voordeel betaal uit by diagnose

Liberty glo egter dat daar ‘n behoefte is om ‘n deel van die dekking reeds met die voor-stadium diagnose uit te betaal, aangesien die omstandighede wel ‘n uitwerking het op die kliënt.

Vroue wat al die Vroulike Lewende Leefstyl-voordeel uitgeneem het, wat dekking bied vir bykomende ernstige siektes en geboortekomplikasies wat spesifiek by vroue voorkom, sal by diagnose ‘n uitbetaling ontvang. Dit gee erkenning aan die feit dat vroue verskillende behoeftes het en dat jy selfs in die vroeë stadiums van die siekte ‘n mate van finansiële steun nodig het. Die kontantbetaling verskaf hierdie gemoedsrus.

Praat met jou finansiële adviseur oor die Vroulike Lewende Leefstyl-voordeel wat spesifiek op vroue gemik is.

*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van ‘n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*